



DIE LEWE EN WERK VAN W. DE S. HENDRIKZ

deur

ERICA MARIE DU TOIT (gebore SCHOEMAN)

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van

die vereistes vir die graad

M.A. (Beeldende Kunste)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

(Departement Kunstgeskiedenis en Beeldende Kunste)

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

NOVEMBER 1976



Hierdie verhandeling word opgedra aan
Hansje Hendrikz



Hierdie verhandeling is onderhewig aan Regulasie G.35 van die Universiteit van Pretoria en dit mag in geen vorm geheel of gedeeltelik gereproduseer word sonder skriftelike toestemming van hierdie Universiteit nie.



n Geïllustreerde beredeneerde katalogus van werke genoem
in hierdie verhandeling en van ander kunswerke deur
Willem Hendrikz is ingehandig by die Kunsargief, Depar-
tement Kunstgeskiedenis en Beeldende Kunste, Universiteit
van Pretoria, waar dit vir enigeen ter insae is.



INHOUDSOPGAWE

	<u>Bladsy</u>
VOORWOORD	
HOOFSTUKINDELING	
Hoofstuk	
1. ARGITEKTONIESE BEELDHOUKUNS	1
A. By die beoordeling van beeldhouwerk.	1
B. Argitektoniese beeldhoukuns.	4
C. Ooreenkomste en verskille tussen argitektuur en beeldhouwerk.	17
D. Algemene vereistes en stelreëls vir geslaagde argitektoniese beeldhoukuns.	20
E. Die verskillende soorte argitektoniese beeldhoukuns.	25
F. Die nut en noodsaaklikheid van argitektoniese beeldhoukuns.	28
11. DIE MENS - WILLEM DE SANDERES HENDRIKZ	32
111. WILLEM HENDRIKZ AS ARGITEKTONIESE BEELDHOUER	61
IV. NIE-ARGITEKTONIESE BEELDHOUWERK	
A. Eerste werk.	96
B. Figuurstudies.	97
C. Fonteinbeelde.	104
D. Portrette.	106
V. WILLEM HENDRIKZ, SKRYWER EN KUNSKRITIKUS.	111
VI. WILLEM HENDRIKZ - DIE KUNSTENAAR. 'n KRITIESE BESPREKING VAN SY WERK EN PLEK IN DIE SUID-AFRIKAANSE BEELDHOUKUNS.	119
BIBLIOGRAFIE	132
SAMEVATTING IN AFRIKAANS	143
SUMMARY IN ENGLISH	145



VOORWOORD

Die keuse van die onderwerp vir hierdie studie oor Willem de Sanderes Hendrikz was veral gegrond op nuuskierigheid. Nuuskierigheid wat, toe ek begin het met die studie eerder vermeerder het as verminder het omdat so baie vrae onbeantwoord gebly het.

Daar is min oor Hendrikz en oor sy werk bekend. Boeke oor Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis noem hom, vaag en kortliks, net genoeg om n mens se belangstelling te prikkel en jou dan onbevredig te laat. Onder die algemene publiek van vandag is Willem Hendrikz reeds n redelike onbekende naam, en dit ten spyte van die groot hoewelheid argitektoniese werk wat hy gedoen het maar ongelukkig nooit geteken het nie. In die meeste van die groot stede in Suid-Afrika is daar van Hendrikz se argitektoniese werk. Salisbury, in Rhodesië, kan spog met van sy werk, terwyl daar in Culemborg,¹ Nederland, en Indië² van sy werk gevind kan word. Dit is dus baie moeilik om n geheelbeeld van sy argitektoniese beeldhouwerk te kry. Slegs een van ons munisipale kunsgalerye, die kunsgalery in Johannesburg, besit n beeldhouwerk van Hendrikz. Die meeste van Hendrikz se persoonlike beeldhouwerk is in die hande van privaatversamelaars.

Aan Willem Hendrikz, die mens, is n hoofstuk gewy. Wat egter my grootste dryfrede tot die studie was, is die werk wat Hendrikz nagelaat het. Dit is dan ook waaroor hierdie studie grotendeels handel. Omdat n deel van Hendrikz se werk argitektonies van aard is, wat n baie gespesialiseerde vorm van beeldhoukuns uitmaak, het ek my dan ook begewe in n newestudie van die argitektoniese beeldhoukuns om n insig te kan hê in daardie deel van Hendrikz se oeuvre.

1. Die hangbeeld van Jan van Riebeeck is in Culemborg.
2. "Gandhi" is in Indië.

Daar.....



Daar ek dikwels verwy "Laagde beeldhouwerk" het ek dit nodig gevind om hierdie sinsne-
de kortliks in die hoofstuk oor argitektoniese beeldhoukuns te
verduidelik. Die hoofstuk vorm dan 'n inleiding tot die studie
oor die lewe en werk van Willem Hendrikz.

Hierdie verhandeling het tot stand gekom met die hulp van 'n he-
le aantal persone en instansies aan wie ek graag my dank wil
betuig:

Die direkteur en personeel van die Staatsbiblioteek in Pretoria;
die direkteur en personeel van die Transvaalse Provinsiale Bi-
blioteek en in besonder aan die bibliotekaresse van die Munisi-
pale Biblioteek van Tzaneem; die hoofbibliotekaris en personeel
van die Merensky Biblioteek van die Universiteit van Pretoria;
mnr. H.C. van Rooy van die Ferdinand Postma-Biblioteek van die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys; mej.
Daleen Marais, destyds verbonde aan die Munisipale Kunstgalerie
in Johannesburg; mnr. Edgar Bosman van die Suid-Afrikaanse Na-
sionale Kunsmuseum in Kaapstad; die personeel van die Kunsar-
gief van die Universiteit van Pretoria; mej. S.E. van Schalkwyk
destyds van die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing; mnr.
E.H. Bigalke, direkteur van die Museum in Oos-Londen, wat so
vriendelik was om aan my foto's te stuur; die Direkteur van Hoër
Onderwys (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing).

Familie, vriende en kennisse van Willem Hendrikz wat deur mid-
del van briewe, onderhoude of telefoongesprekke gegewens aan
my verskaf het: mev. Hansje Hendrikz; mnr. J. de S. Hendrikz;
mev. A. Hodgen; mnr. A. Hendrikz; mnr. E.F. Hendrikz van Vishoek
en mnr. E.F. Hendrikz van Pretoria; Regter en mev. De Villiers;
wyle professor G. Dekker; professor H. Martienssen; professor
F.C.L. Bosman; professor Ricotti; dr. W. Punt; mev. Ines Aab-
Tamsen; mnr. H. Potgieter; mnr. Fullagar; mnr. Craig; mnr. Gabe-
rini; mnr. C.L. Engelbrecht; mnr. Moore; mev. S.J.H. van Vuur-
ren; mnr. T. Louw, vennoot van wyle Norman Eaton, en mnr. J.H.
Louw.

Aan alle ander privateienaars, wat nog nie genoem is nie, en
ook instansies wat werk van Hendrikz besit en wat aan my inlig-
ting daaromtrent ~~kan~~ verskaf: mnr. O.E. Schwellnus; mnr. E.W.
Read; mev. Sinclair; mev. S.M. Borckenhagen; ,mnr. C.F.L.

Borckenhagen/.....



Horckenhagen wat ook aan my kleurskyfies gestuur het; mev. M. de Groot wat so vriendelik was om foto's te neem van die beeld-houwerk in haar besit en aan my te stuur; mev. S. Fassler; mnr. L. Lupini; dr. H. Epstein; mnr. B. Bernstein; mnr. Robinson wat aan my foto's gestuur het van General Mining; mev. L. Vladykin; mev. N. Douglas wat vir my foto's gestuur het; mnr. Carl Büchner; mnr. P. Nel; mev. J.S. Stehli; dr. I. Henkel; The Convent of the Holy Family in Johannesburg; die Laerskool Dirkie Uys; woordvoerder van Tanganjika Concessions Ltd., Salisbury; Die Universiteit van die Witwatersrand; mnr. W. Braithwaite van Die Ou Mutual, Queenstown; mnr. D.S. Jacobs van Volkskas in Bloemfontein; The Diamond Club of South Africa; Die Instituut vir Suid-Afrikaanse Argitekte; die personeel van die Reserwebank te Port Elizabeth; die sekretaris van die Departement van Openbare Werke.

Aan alle ander persone wat aan my gegewens verskaf het: n studiegenoot, mnr. A. Duffy; Die Suid-Afrikaanse Polisie van Knysna vir dokumente i.v.m. geregtelike doodondersoek; mnr. J.A. Rossouw, skoolhoof op Brandfort; N.V. Vereenigde Nederlandsche Scheepvaartmaatschappij by name mnr. Th. van Halderem; die Stadsklerk van Kaapstad.

Aan my man, Neethling, en aan my ouers vir ondersteuning en aanmoediging.

Hierdie verhandeling het tot stand gekom onder die leiding van professor F.G.E. Nilant.